21 Gebede

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Maria se gebed

## Lukas 1:46-55

Hierdie gebed is 'n reaksie op die nuus dat Maria 'n kind in die lewe sal bring. Nie sommer enige kind nie - God se Seun!

Haar gebed borrel oor van vreugde en opgewondenheid oor die geboorte van haar Seun. Deur haar gebede te laat oorloop van vreugde in God, word Maria sterk om die lewe met sy opdraande en afdraande vas in die oë te kyk. Josef moet immers nog van haar swangerskap hoor..

Hier is 'n belangrike lewensles te leer: Ons verloor so maklik perspektief in tye van pyn en moeilikheid, en ons vergeet so maklik van al die vreugde wat ons al beleef het.

(Bybel 24/7)

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas die gebed by jou lewe in?

Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?

Bid hierdie teksgedeelte..

Vreugde en hartseer is die twee kante van die lewenspektrum met sy vele kleure tussenin. En gebed is die geneesmiddel wat jou van geestelikke geheueverlies red sodat jy die reënboog na die storm kan raaksien. (Bybel 24/7)

21 Gebede

# Maria se gebed

Vanuit Maria se gebed is daar elemente van gebed wat ons ook kan help bid in moeilike tye.

<u>Maak die volgende gebed jou eie:</u>

Here, U is ons lof waardig omdat U ...

Ek verbly my vandag in U omdat ...

Dankie dat u my van ...

Dankie dat jy my geseën het toe ek my verneder het ...

U is so magtig dat U in staat is om ...

Ek loof U vir die wonderlike dinge wat U gedoen het toe ...

U naam is heilig omdat U ...

Dankie dat u my genade betoon het wanneer ...

Quellerina Gemeente